

## Op pad vir Christus – [www.ngkraggakamma.co.za](http://www.ngkraggakamma.co.za)

### POPPEKAS BEKENDSTELLING

#### Karakters:

Pappegaai - Salomo.

Hairy - Lizzy.

**Salomo:** So ja. Eers so 'n bietjie rus. (hyg.) Ek is omtrent pootuit... of liever vlerk-uit. My vlerke voel behoorlik of hulle wil afval. (Sien die kinders.) Goeiemôre, goeiemôre. Hoop nie julle is vanoggend so moeg soos ek nie. (Staar die kinders aan.) Wat kyk julle so na my, het julle nog nooit 'n voël gesien wat kan praat nie. Wel, ek kan. Ek kom uit 'n geslag pratende pappegaaie. My pa kon praat, my oupa kon praat, my oupagrootjie kon praat... Om die waarheid te sê my pratende voorgeslagte kan tot in die Bybel se tyd teruggespeur word. O, julle wil weet wie ek is. Jammer ek het gewoonlik beter maniere, maar as julle van die Kaap af tot hier gevlieg het, sou julle ook van formaliteite vergeet het...

**Lizzy:** Aahh! Hier is jy Salomo. Ek het gewonder of ek jou ooit weer gaan sien.

**Salomo:** Goeiemôre, Lizzy.

**Lizzy:** Is jy al weer besig om groot woorde te praat.

**Salomo:** Wat bedoel jy? Ek praat maar soos ek altyd praat.

**Lizzy:** Presies. Jy gebruik graag hogere woorde wat g'n mens kan verstaan nie.

**Salomo:** Hogere woorde? Soos wat?

**Lizzy:** Het jy nie nou net met die kinders oor 'formaliteite' gepraat nie.

**Salomo:** Ja, ek het gesê as hulle al die pad van die Kaap af gevlieg het, sou hulle ook van formaliteite vergeet het. Om dit sagkinds te stel... ek is uiters uitgeput.

**Lizzy:** Daar doen jy dit alweer.

**Salomo:** Wat?

**Lizzy:** Enige normale mens sou gesê het hulle is moeg, maar jy't gesê jy is 'uiters uitgeput'!

**Salomo:** Wel, ek is nie enige normale mens nie! Kan jy nie sien nie, ek is 'n voël, 'n pappegaai om presies te wees. En ek kan my voorgeslagte...

**Lizzy:** ... tot in die Bybelse tyd terugdateer. Ek weet, jy het dit seker al 'n duisend keer vir my gesê.

**Salomo:** Maar hulle weet dit nog nie.

- Lizzy:** Hulle sal binnekort. Ek wil nou nie snaaks wees nie, Salomo, maar jy hou nogal daarvan om jou eie beuel te blaas.
- Salomo:** Insinueer jy dalk dat ek hooghartig is?
- Lizzy:** Ek insinueer niks, ek sê maar net dat jy nie die mees beskeie voël op aarde is nie.
- Salomo:** Natuurlik is ek nie! Ek is nie. My naam is Salomo. Het jy geweet dis 'n Bybelse naam wat al vir geslagte in ons familie is. Salomo was 'n koning, die mees wyse koning wat nog ooit regeer het. My oupa was ook Salomo. Ons het die naam gekry vanweë ons buitengewone intelligensie. En daarom is ek baie trots op my naam. Dis 'n naam van formaat...
- Lizzy:** Ek weet, maar jy gaan so aan oor jou naam dat jy skoon vergeet het hoekom ons hier is.
- Salomo:** Nee ek het nie, ek het maar net gedink dit dit sou onvanpas wees om met hierdie mense te praat voordat ek myself nie behoorlik aan hulle voorgestel het nie.
- Lizzy:** Salomo, jy't nie net jousef voorgestel nie... jy het sommer lekker gebrêg. Maar ons beter vir die mense vertel hoekom ons hier is.
- Salomo:** Nou goed, ek sal begin. (*Maak keel skoon.*) Goeiemôre maats, goeiemôre dominee en mevrou dominee, goeiemôre Vaders en Moeders, goeiemôre...
- Lizzy:** As jy so aangaan kry ons nooit klaar nie en ek het kos in die oond wat gaan aanbrand as jy nie nou klaar kry nie. Sê sommer net: Haai ,almal.
- Salomo:** (*Maak weer keel skoon.*) Soos ek gesê het voordat ek **onderbreek** is! Ek het vandag 'n uiters belangrike saak op die hart. 'n Saak van absolute importansie...
- Lizzy:** Salomo praat net so dat ons jou kan verstaan. Onthou ons stam nie almal van bôring koninklikes af nie.
- Salomo:** As jy nie hou van die manier waarop ek die saak hanteer nie, is jy welkom om dit self te doen, maar moenie vergeet dat hierdie 'n saak van absolute...
- Lizzy:** Ja ons weet, maar kom ons kom tot 'n punt... Ons het julle hulp nodig om name vir die poppe in ons kas te gee. Hulle is die pragtigste poppe, maar hulle is almal naamloos. So ek en Salomo het gedink...
- Salomo:** (*Eenkant*) Asof jy kan dink...
- Lizzy:** Ek en Salomo het gedink... as julle die poppe ontmoet, kan elkeen van julle voorstelle vir name neerskryf en volgende week in die kollekte bordjie gooi. En hopelik kan ons sommer tjoef, tjaf, tjoef, tjaf vir elkeen 'n naam gee. So kom ons roep die poppe en dan kan julle hulle ontmoet.
- Salomo:** En hoe op aarde dink jy roep 'n mens iemand wat nie 'n naam het nie?

**Lizzy:** O gaats ek weet nie... ek het nooit daaraan gedink nie.

**Salomo:** Wel, ek het 'n oplossing. Julle kan almal roep: Poppe! Poppe! En dan sal ek hulle gaan haal.

**Lizzy:** Dis 'n goeie plan.

**Salomo:** Natuurlik, want ek het altyd goeie idees. Ek stam nie verniet van koninklikes af nie. Lizzy, het jy geweet my oupa...

**Lizzy:** Nee, maar jy kan later vertel. Gaan roep nou die poppe! Kinders roep saam met my: Poppe! Poppe!

*(Salomo af en die poppe verskyn een vir een of almal gelyk.)*

**Lizzy:** Hulle is darem maar mooi, is hulle nie? Maar hulle het nie een 'n naam nie. So julle moet nou hierdie week mooi gaan dink en dan bring julle volgende week, of oor twee weke die name kerk toe sodat ons vir elke pop 'n naam kan gee.

**Salomo:** Ja, en moenie vergeet nie, volgende week is daar net een diens in die kerk, maar al ons poppe gaan daar wees. Ek is al klaar aan die beplan oor hoe ek die poppekas tot in die kerk gaan skuif. Dis 'n moeilike operasie maar my planne is reeds in 'n gevorderde stadium.

**Lizzy:** Sien julle volgende week! Baai!

**Salomo:** Tot volgende week. Totsiens.